’n Plan om van Jesus ontslae te raak.

Teks: Matteus 26: 1 - 13
Teksvers: Matteus 26: 4

1. Inleiding

Erskomende vrydag herdenk ons “Goeie Vrydag”. Daarom is dit ook gepas dat ons ook uit die evangelies fokus op die vooraf gebeure. Hierdie voorafgebeure word vanoggend in ’n unieke manier aan ons geopenbaar uit die evangelie volgens Matteus. Dit is ’n unieke openbaring, omdat ons hierdie spesifieke stukkie geskiedenis net in Matteus aantref en nie in die ander evangelies nie. Maar soos in enige openbaringsgeskiedenis, spreek dit baie diep tot ons.

Die belangrike konneksie wat ons vandag het met die gebeure in hierdie teksgedeelte is die volgende. Vir enige Christen gelowige is die sterwe en opstanding van Christus so sentraal, dat ’n mens nie kan help om in die onmiddelike gebeure en omstandighede rondom die kruisiging belang te stel nie. Want uiteindelik is Christus nie net die middelpunt van die Christelike geloof nie. Hy is, en sal altyd ook die middelpunt van die ganse wêreld geskiedenis bly. En dit is dan juis hier waaruit die volgende openbaring na ons kom.

Van die begin tot die voleinding van hierdie wêreld kan die mensdom in twee groepe gedeel word. Die groep mense wat Christus as verlosser aangryp en in Hom Verlossing en alles ander ontvang om ’n lewe te leef wat God eer en verheerlik. Of die ander groep wat Christus verwerp en uiteindelik ook uit hulle pad gaan om dit te doen. Christus bly die hoeksteen waarop die geestelike gebou, gebou word wat die Vader eer en verheerlik, of die steen des aanstoot waarteen ’n mens jou voet stap en val. En dit is vanoggend die manier en omstandighede waarin ’n mens sy voet stap en val waarop ons fokus.

2. Elkeen wat hom skaam vir My

Alhoewel die woord of frase “in die geheim” nêrens in ons teksgedeelte voorkom nie, is die gevoel onmiskenbaar daar. Laat ek verduidelik, ons tref die woord slinkse of dan lis in die Ou vertaling aan in ons teksgedeelte. In die oorspronlike teks word dieselfde woord ook vir bedrog gebruik. Die rede hiervoor is die stam van die woord word gebruik vir buit, soos in die geval van visaas. En diepste is die gevoel van onder valse voorwendsel aanwesig in die betekenis van die woord.

En dit hierdie valse voorwendsels wat in die geheim, bedink, bepaal en uitgevoer word. Kyk maar na korrupsie sake vandag. Dit kom eers na vore na deeglike ondersoeke van joernaliste en ander persone. Dit is waar ons die priesterhoofde en die familiehoofde aantref aan die begin van ons teksgedeelte. Hulle vergader in die geheim in die huis van die hoëpriester. Hulle bose plan word ook in die geheim beplan en verbloem.

Die manier waarop Kajafas hierdie bose plan verbloem het, sien ons in Johannes 18:14 aan: “14Dit was Kajafas wat vir die Jode die raad gegee het dat dit tot hulle voordeel is dat een man vir die volk sterwe.” Tog ken die Here die harte van die mens. Want selfs al gebeur hierdie dinge in die geheim, sien ons dat Christus geensins daardeur onkant betrap word nie. In vers 2 van ons teksgedeelte stel Jesus dit immers duidelik: “2“Julle weet dat dit oor twee dae paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.”

Dit wat egter in die geheim beplan, bedink en selfs gedoen word, kom tog uiteindelik uit in die ope. Wanneer ons dan na die publieke sy van geloof kyk beide in ons teksgedeelte en vandag, sien ons mense wat skaam is vir hulle geloof en die kerk. Jesus het ook dit geweet en daarom maak hy al vroëer die uitspraak in Lukas 9:26: “26Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele.”

3. Gaan saam met ons, laat ons loer op bloed

Die volgende saak wat ons sien, is dat die hoëpriester nie alleen optree nie. Nee, ons sien ’n duidelike vergardering van mense. En by hierdie vergadering sien ons ’n doelgerigte werkswyse. Daar is duidelike verlangde uitkomste wat bereik moet word. Jesus moet gevang word, sodat Hy teregestel kan word. Maar dit moet in die geheim gebeur. Dit kan onder geen omstandighede op die Fees gebeur nie.

Die duidelike afwesigheid van die Fariseërs in ons teksgedeelte dra by tot die gevoel dat dit nie hier oor geloofsake as eerste prioriteit gaan nie. En dit is dan veral die familiehoofde wat hierdie gedeelte ’n politiese kleur gee. Hierdie oprtrede wat hulle beplan moet die guns van hulle mede volksgente hou. Want ’n opstand onder die volk sou katastrofies wees, omdat dit die oordeel en straf van die Romeine op hulle sou laat neerkom.

Maar die ander rede waarom mense mekaar betrek, veral by iets wat verkeerd is, is natuurlik om skuld te deel. Trouens dit is nog ’n eienskap van bedrog en korrupsie wat ons goed ken. In Spreuke 1 word die mens gewaarsku teen hierdie uitnodiging om saam met bose mense te beplan en werk. Hulle probeer goeie mense verlei met groot buit wat verdeel kan word. Daarom soos Spreuke 1:10 ons leer: "[10]As sondaars jou wil verlei, my seun, moenie toegee nie.”

Tog sien ons weereens dat hierdie verleiding uit bedrog en leuens bestaan. Dit wat eenkant in die donker gedoen word. Wanneer Christus verwerp word, gaan dit ook gepaard met die leuen. Met bedrog en leuens. Dink maar hoe baie moeite selfs die gehardste atiëste sal doen, om die geloof te weerlê en ook ander tot ongeloof te probeer bring. Ons hoor dikwels vandag nog die uitnodig, Kom ons laat Jesus verdwyn?, miskien self nog meer openlik as in die verlede. Mag ons deur die genade van die Here stande bly in hierdie situasies.

4. Die publieke teregstelling van Christus op die fees

Uiteindelik sien ons dat Jesus geen valse profeet is nie. Hy is ook 2 dae later tydens die pasga vieringe oorgelewer en gekruisig. Soos Hy profeteer word dit in die publiek, in die helder daglig gedoen. Ons weet dat die verhoor aanvanklik in die nag probeer hou is, maar uiteindelik kan hierdie saak nie vir die mense wegsteek word. Die Romeine het nie kruisiging in die geheim uitgevoer nie. Trouens dit is juis as ’n wrede publieke skouspel uitgevoer om vrees by mense in te boesem.

Maar steeds die verbasing dat die verlangde opstand onder die mense nie plaasvind nie. Die meeste mense uit die volk word selfs oorgehaal om uiteindelik in Matteus 27 te skreeu “Kruisig Hom”. Maar dit was natuurlik nie deel van die profesie van Christus nie. Die opstand was die vrees van die Joodse leiers en familiehoofde. Maar opstand is nie tuis aan hierdie geskiedenis nie. Christus kom nie in opstand nie, maar lê nederig in liefde Sy lewe af sodat ons gered kan word.

En dit is hier waar die tweede gedeelte van ons teksgedeelte vandag na vore kom. Vir die skrifgeleerdes en Familiehoofde is Christus daardie persoon wat eintlik net ’n doring in hulle vlees is. Maar vir Maria in vers 6 - 7 is Hy die middelpunt van alles. Sy is bereid om haar kosbaarste besitting te offer, te eer en versorging van die Here Jesus Christus. Dan die profesie van Christus dat hierdie daad haar nie sal ontneem word nie. Want Christus is die middelpunt van die Geloof, die kerk en ook my lewe. Daarom die moeilike vraag aan ons elkeen vanoggend. Is ek besig om Christus uit die middelpunt van lewe uit te manupileer. Met ander woorde is ek stil-stil besig om van Christus in my lewe ontslae te raak. Of volg ek eerder in die spore van Maria wat nie kan wag om selfs my kosbaarste aardse besitting op te offer vir die Here?

5. Slot

Ons kan op hierdie vooraand van die herdenking van die lydenispad wat Christus moes stap, weer die volgende vir mekaar afvra. Is die belangrikste ding aan my paasnaweek nog die gebeure van Goeie Vrydag, of het ander sake soos die vakansietyd al die oorhand gekry. Is ek stil besig om in my binneste al hoe verder van die Here en die kerk weg te dryf. Dit terwyl ek darem nie in die publiek tot skande wil gemaak word nie.
Of die ander waarskuwing oor ons geloofslewens vandag. Die vraag beplan ons. Of laat ons eenvouding betrokkenheid by geloof en aanbidding van die Here oor aan wat ook al oorbly. Is dit wat ons bereid is om afstaan aan die Here, die lam en siek diere wat in elk geval nie goed geneog vir iets anders is nie. Of bring ek my beste my eerstelinge steeds na die Here. Beplan ek praktiese my lewe rondom die geloof en die kerk, of moet

dit maar in die gapings wat deur ander sake gelaat word in val.

Tog is die genade steeds groter as al hierdie dinge, die getrouheid van ons Verlosser. Christus vlug nie weg van Sy roeping hier op aarde nie. Hy weet aan die begin van ons teksgedeelte persies wat vir Hom voorlê. Tog stap Hy getrou hierdie moeilike pad ter wille van ons versoening en verlossing. Dit is wat ons ook Goeie Vrydag gaan gedenk. Die onverstaanbare liefde van die Here vir ons wat alles op offer sodat ons nie verlore gaan nie. Daarom in plaas van om Christus te probeer ontslae raak, kom dat ons Hom eerder deur die kragtige werking van die Heilige Gees najaag met alles wat ons is en het.

Amen